

# Hoe om met ‘n skêr te sny

## Dictionary

KLEREMAKER

*‘n Kleremaker is ‘n person wat klere professioneel maak, regmaak en verstel. Dis veral waar vir manspakke en ander mansklere.Alhoewel die professie terugdateer na die dertiende eeu, het die moderne assosiasie gedurende die laat 18e eeu gebeur, en vandag verwys kleremaker na iemand wat vir beide mans en dames formele sowel as informele klere maak van duursame materiale soos wol, sy en goeie linne.*

## Inleiding

Deel van naaldwerk doen is een van die mees basiese vaardighede om ‘n skêr goed te kan hanteer. As jy terugdink aan Les 1 sal jy onthou ons het die eerste twee soorte skêre bespreek as deel van ons kwilttoerusting. Die een was die skerp materiaalskêr en die ander was die papierskêr.

## Hoe gaan mens dit doen?

Vandag gaan jy meer leer oor skêre, die verskillende soorte e nook hoe om ‘n skêr reg vas te hou en te beheer, asook watter hand om te gebruik en watter vingers waar moet gaan. Ons gaan eerste papier sny met ‘n papierskêr en daarna ‘n projek met ‘n materiaalskêr aanpak.



©Kopiereg SAQG2022. Dokumente mag gratis afgelaai en versprei word vir opvoedkundige doeleindes. Onthou om SAQG krediet te gee en sluit alle SAQG inligting in in jou kopieë.

www.quiltsoutafrica.co.za




## Wat het jy nodig?

## ‘n Plek om te werk

- Vir vandag se projek het jy ‘n spasie nodig waar jy ongestoord kan werk vir ten minste een uur.
- ‘n Tafel.
- ‘n Stoel wat hoog genoeg is vir jou om gemaklik by die tafel te kan sit en werk.
- Genoeg lig om mooi te sien wat jy doen.
- ‘n Snippermandjie vir afvalstukkies papier, materiaal, ens.

## Tools

- ‘n Skerp materiaalskêr
- ‘n papierskêr
- ‘n Appliekgomstokkie of ander skoolgom (soos Pritt)
- ‘n Skerp potlood
- ‘n Liniaal

## Verskillende skêre



©Kopiereg SAQG2022. Dokumente mag gratis afgelaai en versprei word vir opvoedkundige doeleindes. Onthou om SAQG krediet te gee en sluit alle SAQG inligting in in jou kopieë.

www.quiltsoutafrica.co.za

**Papierskêr.**

Die lanste een in die foto is 'n spesiale papierskêr wat 'n A4 papier in die lengte met een knip kan deursny. Die ander pare papierskêre is meer algemeen en het almal ronde punte vir veiligheid. Hulle is egter almal te stomp om materiaal te sny.



**Materiaalskêr**

Materiaalskêre is skerp en het gewoonlik ook skerp punte.



**Borduurskêre**

Hierdie is klein skêrtjies wat by borduurwerk of ander handwerkprojekte gebêre word. Die fyn punte en skerp lemme kan garing baie goed sny.

©Kopiereg SAQG2022. Dokumente mag gratis afgelaai en versprei word vir opvoedkundige doeleindes. Onthou om SAQG krediet te gee en sluit alle SAQG inligting in in jou kopieë.

www.quiltsoutafrica.co.za



**Appliekskêr**

Hierdie skêrtjies is baie skerp met baie skerp puntjies en fyn getande lemmer, spesiaal ontwerp om die mees delikate appliekmotiewe te sny.



**Tandjieskêr**

'n Tandjieskêr word gebruik om te voorkom dat materiaal rafel. Die lemme sny die materiaal in 'n sig-sag patroon, soos op die foto hieronder.

©Kopiereg SAQG2022. Dokumente mag gratis afgelaai en versprei word vir opvoedkundige doeleindes. Onthou om SAQG krediet te gee en sluit alle SAQG inligting in in jou kopieë.

www.quiltsoutafrica.co.za



**Kombuisskêr**

'n Mens sny allerhande andergoed met 'n kombuisskêr, ook genoem 'n gebruikskêr – goed soos plastiek, pakkies van kruideniersware ensovoorts.



## Vandag het jy die volgende items nodig

- 2 x wit A4 papier
- 2 x gekleurde A4 papier
- Wit materiaal 30cm x 30cm
- Gekleurde materiaal 30cm x 30cm

©Kopiereg SAQG2022. Dokumente mag gratis afgelaai en versprei word vir opvoedkundige doeleindes. Onthou om SAQG krediet te gee en sluit alle SAQG inligting in in jou kopieë.


www.quiltsoutafrica.co.za

## Hoe om 'n skêr vas te hou

'n Mens moet 'n skêr korrek vashou om ordentlik te kan sny. Het jy geweet mens kry verskillende skêre vir mense wat regshandig en linkshandig is om knip vir hulle makliker te maak?

Is jy regs of linkshandig? Watter is jou skryfhand? Maak seker dat jy die regte soort skêr het vir jou.

Wanneer jy jou skêr wil gebruik, sit jou duim in die klein, boonste gat en jou voorvinger, middelvinger en ringvinger saam in die groter, onderste gat. Jou pinkie werk nie nou nie. Jy gaan jou duim gebruik om die skêr se lemme oop en toe te maak. Maak seker dat jou duimnael altyd na die plafon toe wys.





AS die skêr se onderste gat te klein is vir al drie vingers sit jou middelvinger in die gat, jou wysvinger aan die bokant van die gat bo-op die boonste lem en jou ringvinger en pinkie aan die onderkant van die gat.

Ek hou daarvan om die basis van my hand te anker (op die tafel te laat rus) wanneer ek delikate patrone of motiewe uitsny. 'n Mens kan dan die papier of materiaal beweeg met mens se nie-snyhand. Ek is regs so beweeg daarom die motief rond met my linkerhand.

©Kopiereg SAQG2022. Dokumente mag gratis afgelaai en versprei word vir opvoedkundige doeleindes. Onthou om SAQG krediet te gee en sluit alle SAQG inligting in in jou kopieë.

www.quiltsoutafrica.co.za



Wanneer mens ‘n groot stuk materiaal sny, sit die materiaal plat op die tafel neer, hou die skêr teen ‘n effense opwaartse hoek en navigeer die onderste punt van die skêr op die tafel om ‘n duidelike snylyn te hê. Maak die lemme heeltemal oop met jou duim en sny met lang egalige hale. Kort snitte met net die voorkant van die skêr gaan ‘n onegalige snylyn veroorsaak.

©Kopiereg SAQG2022. Dokumente mag gratis afgelaai en versprei word vir opvoedkundige doeleindes. Onthou om SAQG krediet te gee en sluit alle SAQG inligting in in jou kopieë.

www.quiltsoutafrica.co.za



*Wees veilig. Skêre is skerp en het skerp punte. Moet nooit hardloop met 'n skêr nie, en wanneer jy 'n skêr vir iemand aangee, hou dit aan die (toe) lemme vas sodat die ander persoon die skêr aan die handvatsels ontvang. Wees versigtig. Wees slim. Bêre altyd jou skêr weer in jou skatkissie.*


## Wat van 'n bietjie pret

Vandag gaan ons eerstens oefen om papier te sny en dan gaan ons dieselfde tegniek gebruik om materiaal te sny.

Neem 'n A4 vel papier en vou die een hoek oor om 'n driehoek te vorm soos op die foto.

©Kopiereg SAQG2022. Dokumente mag gratis afgelaai en versprei word vir opvoedkundige doeleindes. Onthou om SAQG krediet te gee en sluit alle SAQG inligting in in jou kopieë.


www.quiltsoutafrica.co.za





Gebruik jou papierskêr in jou gereedskapkissie om die reghoek wat by die driehoek uitsteek af te sny.






Vou die driehoek oop om 'n vierkant te hê. Vou die papier weer na die oorstaande hoek om twee diagonale voue op die vierkant te hê. Jou papier is nou in vier driehoeke verdeel.

©Kopiereg SAQG2022. Dokumente mag gratis afgelaai en versprei word vir opvoedkundige doeleindes. Onthou om SAQG krediet te gee en sluit alle SAQG inligting in in jou kopieë.

www.quiltsoutafrica.co.za


 

Vou nou die vierkant in die helfte om ‘n reghoek te vorm. Maak die papier oop en vou dit ook na die ander kant toe in die helfte. Vou dit weer oop. Nou het jou vierkant agt dele.


  

©Kopiereg SAQG2022. Dokumente mag gratis afgelaai en versprei word vir opvoedkundige doeleindes. Onthou om SAQG krediet te gee en sluit alle SAQG inligting in in jou kopieë.

www.quiltsoutafrica.co.za



Vou die vierkant weer om ‘n reghoek te vorm. Vou nou die reghoek weer oor om ‘n kleiner vierkant te vorm. Vou die klein vierkant nou diagonaal om ‘n driehoek te vorm.



©Kopiereg SAQG2022. Dokumente mag gratis afgelaai en versprei word vir opvoedkundige doeleindes. Onthou om SAQG krediet te gee en sluit alle SAQG inligting in in jou kopieë.

www.quiltsoutafrica.co.za

Gebruik jou papierskêr en sny motiewe uit aan al drie die driehoek se kante, deur al die lae papier. Maak seker jy sny tot op die puntjie van die hoekies om 'n duidelike vorm te hê. Anker die hand wat nie die skêr vashou nie, op die tafel. Lê die onderste lem van die skêr op jou nie snyhand sed voorvinger om die skêr te lei. Hierdie is die patrone wat Kaylen uitgesny het.





Vou die driehoek heeltemal oop om jou papierdoilie te sien. Wow!! Hoe lyk joune? Jy kan nou nog een sny op dieselfde manier en elkeen sal verskillend lyk.



©Kopiereg SAQG2022. Dokumente mag gratis afgelaai en versprei word vir opvoedkundige doeleindes. Onthou om SAQG krediet te gee en sluit alle SAQG inligting in in jou kopieë.

www.quiltsoutafrica.co.za

Kom ons probeer nou hierdie op materiaal. Hierdie keer gaan jy 'n materiaalskêr gebruik. Alhoewel hierdie skêr groter is gaan jy ook jou nie-snyhand gebruik om die skêr te anker, soos met die papier.

Neem die stuk katoenmateriaal van 30 x 30 cm en vou dit in driehoeke (soos met die papier), maak dit oop en vou in reghoeke (soos met die papier) om agt motiewe te vorm.

Maak die materiaal weer oop en vou dit terug in 'n driehoek soos jy met die papier gedoen het.








©Kopiereg SAQG2022. Dokumente mag gratis afgelaai en versprei word vir opvoedkundige doeleindes. Onthou om SAQG krediet te gee en sluit alle SAQG inligting in in jou kopieë.

www.quiltsoutafrica.co.za

Steek die oop hoeke vas met 'n spels om die materiaal in plek te hou. Gebruik jou materiaalskêr om motiewe uit die driehoek te sny soos voorheen. Onthou om tot op die punt van die motief te sny om netjiese skoon hoekies te kry.







Jy kan nou hierdie doilie op 'n stuk kontrasterende vilt of karton met gom vasplak.

Mooi so!



©Kopiereg SAQG2022. Dokumente mag gratis afgelaai en versprei word vir opvoedkundige doeleindes. Onthou om SAQG krediet te gee en sluit alle SAQG inligting in in jou kopieë.

www.quiltsoutafrica.co.za

## Opruimtyd!

Onhou om al die spelde weer in die speldehouertjie te bêre of in jou speldekussing te steek en sit al jou kwiltgereedskap terug in jou skatkis. Maak ook seker om alle afval stukkies papier en materiaal in die snippermandjie te gooi. Los jou werkspasie so netjies soos jy dit gevind het. Jy kan vandag baie trots wees op jouself!

## Wys en vertel

Jy kan jou ouers vra om jou te help om hierdie kunswerk van jou op ‘n kontrasterende stuk karton , die grootte van ‘n plekmatjie vas teg om of te ‘modge podge’, soos in Les 1. Vra ook iemand om te help om foto’s van jou produkte op die #saqgqc4y WhatsApp groep t epos.

## Wat is volgende?

In die volgende les gaan ons leer hoe on met ‘n yster te stryk.

## Did I miss something?

- Wat het ek nodig om te kwilt?
- Hoe om garing in ‘n naald te kry
- Hoe om met ‘n kwiltersknoop te begin en met ‘n Franse knoop te eindig.
- Hoe om spelde te gebruik.
- Hoe om ‘n kwiltblok te ontwerp



©Kopiereg SAQG2022. Dokumente mag gratis afgelaai en versprei word vir opvoedkundige doeleindes. Onthou om SAQG krediet te gee en sluit alle SAQG inligting in in jou kopieë.

www.quiltsoutafrica.co.za

©Kopiereg SAQG2022. Dokumente mag gratis afgelaai en versprei word vir opvoedkundige doeleindes. Onthou om SAQG krediet te gee en sluit alle SAQG inligting in in jou kopieë.

www.quiltsoutafrica.co.za